Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 4 Nr 3, 1974. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# DIE OORGAWE VAN JOHANNESBURG (31 MEI 1900)

SPESIALE KOMMANDANT (DR) F. E. T. KRAUSE

## Inleiding

Op 30 Mei 1900 het veldmaarskalk lord Frederick S. Roberts, KP, GCB, VC, opperbevelhebber van die Britse troepe in Suid-Afrika, die oorgawe van Johannesburg geëis. Byna 'n maand het verby gegaan nadat lord Roberts op 3 Mei van dieselfde jaar, na 'n reorganisasie en langdurige voorbereidings, besluit het om sy opmars na die noorde, met Pretoria as sy vernaamste doelwit, te begin. Wat, in die vorm van krygsverrigtings, tussen Bloemfontein en Johannesburg plaasgevind het, is in deel III van die bekende amptelike **History of the War in South Africa 1899-1902,** (London, 1908), gewoonlik bekend as genl-maj sir Frederick Maurice, KCB se geskiedenis, uitvoerig beskryf. Die belangstellende leser word gevolglik na bogenoemde publikasie verwys.

Hier volg, vir die gerief van die belangstellende leser, dan ook uitsluitend dié gedeelte uit bogenoemde geskiedkundige werk, wat betrekking op die oorgawe van die Goudstad het.

> "The city itself was indefensible. The single fort, a far from elaborate structure built around the goal, had been designed rather to overawe the enemies of the republic within the town than any from without . . . Moreover the custody of the gold mines, the assets of seventy-seven companies which were the reputed guardians of twelve hundred and fifty millions of buried wealth, the protection of these stupendous riches from the many proposed and some few actual attempts to destroy them had become almost intolerable, and all but impossible to the Boer authorities, who for the most part sincerely desired to preserve them for the public good. During the morning, Doctor Krause, the commandant, drove out to meet Lord Roberts. After a short interview he agreed to capitulate, stipulating only for one day's grace to enable him to clear the town of the bevies of armed men, whom every retiring commando had dropped in the streets and purlieus . . .
>
> For twenty-four hours, therefore, Johannesburg was left in the hands of Krause, who quietly effected an evacuation, to compel which by force of arms would have assuredly entailed considerable losses on the British troops" (pp. 89-90).

As militêre verteenwoordiger van die Zuid-Afrikaansche Republiek het dr Frederick Edward Traugott Krause (1868-1959), in sy hoedanigheid as kommandant van die Witwatersrand opgetree.

## Komdt (dr) F. T. T. Krause

A. D. J. van Rensburg het in die tydskrif **Codicillus** (Pretoria, jg. 7, nr. 1, Mei 1966, pp. 18-21) 'n lewensskets van een van ons beroemdste regters gegee wat, met genl J. B. M. Hertzog as 'n studie- en tydgenoot, in 1893 te Amsterdam in die regte gepromoveer het en nog in die loop van dieselfde jaar as advokaat in Engeland toegelaat is. Terug in sy geboorteland is dr Krause in 1896 as "Eerste Publieke Vervolger en Waarnemende Staatsprocureur voor de Witwatersrand" aangestel. Aanvanklik op kommando is dr Krause op 28 April 1900 deur die Staatspresident as "Speciale Commandant der Witwatersrand Goudvelden" benoem.

Na die oorgawe van Johannesburg het dr Krause, nou op parool, na Engeland gegaan om daar as advokaat te praktiseer. Terwyl hy op 30 Oktober 1900 in Parys, Frankryk, vertoef het, het dr Krause 'n skrywe aan die Zuid-Afrikaansche Republiek se buitengewone gesant in Europa, oud-Staatsekretaris dr Willem Johannes Leyds, gerig. By hierdie brief was 'n uitvoerige verslag met betrekking tot dr Krause se optrede as spesiale kommandant. Op neutrale gebied synde het dr Krause,

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 4 Nr 3, 1974. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

wat nog steeds op parool was, dit veilig geag om die reeds genoemde dekkingsbrief, sy eintlike verslag van 13 handgeskrewe folio blaaie, en 'n aantal bylaes aan dr Leyds te stuur, ten einde rekenskap van sy optrede te gee en terselfdertyd die gesant en president Kruger van inligting te voorsien.

**Die skrywe van 25 Mei 1900**

Aangesien die Krauseverslag met 30 Mei 1900 begin, is dit interessant om eers 'n rukkie by die brief stil te staan wat kommandant Krause op 25 Mei aan waarnemende kommandant-generaal Louis Botha gerig het. Dié brief lui soos volg:

Krause Johburg
25 Mei 1900.

Den Weledelgestrenge Heer
Louis Botha
Wd Comdt Generaal
Vereeniging.

Weledelgestrenge Heer,

Heden zond ik aan UEd het volgend telegram "25 Mei, uwe schriftelijke instructies gedateerd Vereeniging 23 Mei ontvangen. U kunt op mij rekenen dat dezelve strikt zullen worden uitgevoerd. Ik heb zijn HEd den Staats President per telefoon in kennis hiervan gesteld en hem verzocht in het vervolg geene instructies de WW Rand betreffende meer te geven of te laten geven zonder mij daarin te kennen" — Ik wensch hiermede dit telegram te confirmeeren. Zeer aangenaam zal het mij zijn zoo UEd mij verder confidentieel in kennis wilt stellen met eenige toekomstige plannen zoodat ik in staat zijn kan de noodige voorzorgsmaatregelen te nemen.

Ik mag UEd rapporteeren, dat ik in alle overbodige ammunitie en geweren naar het fort alhier heb laten brengen, en alle Veldcornetten strenge instructies heb gegeven om hunne burgers aan te zeggen zich nacht en dag gereed te houden om op te trekken tegen . . . Kaffer onlusten en andere gewelddadig heden tegen te gaan.

De Spesiale Uitlander politie is behoorlijk georganiseerd en hebben de officieren ook instructie ontvangen om gereed te zijn Kafferopstanden enz. krachtdadig te onderdrukken. Het fort alhier heb ik behoorlijk met provisie laten voorzien en alles in een staat van verdediging geplaatst. Ik heb tevens een corps van 12 wielrijders georganiseerd om alle bekende paden . . . de WW Rand te bewaken en alle wegloopers te . . .

Ik neem hunne paarden thans af en zend hun onmiddellijk als voetgangers hun commandos terug. Dit corps doet zeer goed werk en arresteeren daglijks 10 en meer menschen. In de veldcornetschappen Johbg, Fordsburg, Jeppesdorp, Krugersdorp Delverijen en Boksburg Delverijen heb **burger** — commandanten over de Speciale Uitlander en andere burger politie aangesteld en zoodoende door een systeem van centralisatie alles in behoorlijke orde gebracht.

Ik leen thans met de Voedsel-commissaris in onderhandeling om alle voedsel naar depots te brengen zoodat de verschillende commissies alles kunnen uitdeelen aan behoeftige personen indien de vijand onverhoopt voorbij, onze rechtlinie mogen komen of indien onze menschen moeten retireeren, zoodat het voedsel van onze behoeftige families niet in handen van den vijand moge vallen. Ik voeg hierbij telegram zooeven door Kapt K . . . aan mij overhandigd — hij is hoofd van het wielrijders corps — Het telegram spreekt voor zich zelf en zal UEd daaruit zien dat heb corps goed werkt doet. Ik ben van plan Comdt der Veldpolitie Burchardt met 12 paardenruiters op te dragen datzelfde werk en tevens spioneeren, te doen.

Eenige instructies door mij van UEd ontvangen zullen stipt worden uitgevoerd, en hoop ik slechts, dat het UEd moge gelukken den vijand te keeren en onze onafhankelijkheid te redden. Indien de Burgers maar staan willen ben ik ervan overtuigd, dat de vijand niet zegivieren kan, in elk geval zal daardoor ons volksbestaan worden gered.

Met hoogachting

UEd D.W. Dr,
F. E. T. Krause
Wd Spec. Comdt.

**Die verslag**

Afgesluit aan boord van die "Dunvegan Castle" op 17 Augustus 1900, vorm die Krauseverslag 'n waardevolle bron van eerstehandse kennis oor die oorgawe van Johannesburg en die menigvuldige vraagstukke waarmee die waarnemende spesiale kommandant voor en na die oorgawe te kampe gekry het. Die verslag, wat in 'n duidelike handskrif

opgestel is, bestaan uit 9 folioblaaie en is in 'n aantal onderafdelings stelselmatig ingedeel. In die eerste deel vertel K. die volgende besonderhede aangaande die **oorgawe van Johannesburg.** Omtrent 0900 uur, op die oggend van 30 Mei 1900 het 'n Britse offisier, maj F. Davies, met 'n witvlag na K se kantoor gekom om, namens lord Roberts en in naam van H.M. Koningin Victoria, die onvoorwaardelike en onmiddellike oorgawe van die stad te eis. Aangesien K geweier het om aan sy versoek te voldoen, het die majoor voorgestel dat K persoonlik na lord Roberts sou gaan. Om verskillende redes het K ingestem, maar voordat hy te perd uitgery het, het hy na die telegraafkantoor te Pretoria getelefoneer. Hy het die diensdoende amptenaar versoek om hom onmiddellik met die Staatspresident te verbind om laasgenoemde die toedrag van sake mee te deel en instruksies te ontvang.

Voordat K by lord Roberts aangekom het, het hy weliswaar antwoord van die Staatspresident ontvang, maar — so voeg hy daaraan toe — vir hom was dit onverstaanbaar.

Voordat K daartoe oorgaan om sy ontmoeting met lord Roberts te beskryf, gaan hy 'n oomblik in die onmiddellike verlede terug om, ten einde moontlike misverstand te voorkom, die volgende feite te vermeld:

(a) Van die Regering het hy geen definitiewe instruksies i.v.m. Johannesburg ontvang nie. Hy is enersyds vir alles verantwoordelik gehou, maar was andersyds nie voldoende m b t algemene en/of besondere krygsplanne ingelig nie. Herhaaldelik het K daarop aangedring dat voorsorgmaatreëls soos die sluiting van myne en die wegstuur van omtrent 13 000 nieblanke mynwerkers getref word. Dit sou besparing van die lewensmiddelevoorraad meebring en — in geval van 'n moontlike beleëring die gevaar vir vrouens en kinders vermeerder.

(b) Tewens het K voorgestel dat al die vrouens en kinders na 'n veilige plek oorgebring word en dat die voorradige lewensmiddels onder die inwoners verdeel word.

(c) Hy het ook daarop aangedring dat 'n vasgestelde beleid met betrekking tot die uitsetting van Britse onderdane gevolg word en daarvoor gepleit dat sekere suiwer militêre maatreëls ter verdediging van die Witwatersrand getref word.

(d) Ten slotte was hy ten gunste van 'n strenger handhawing van die krygswet en die ontslaan van amptenare en offisiere weens vérgaande nalatigheid en onbekwaamheid sonder dat sogenaamde familie — of ander politieke belange in aanmerking geneem word.

Toeligtenderwys deel K mee dat hy voldoende eetware en ammunisie in die fort opgeslaan het om ongeveer 200 man 'n beleëring van drie maande te kan laat weerstaan. Hiervoor het hy persoonlik gesorg. In die fort was ewenwel slegs een ou houwitser, twee of drie bergkanonnetjies en omtrent drie maxims, waarvan twee nie in 'n werkende toestand verkeer het nie. In die fort was 'n besetting van sestig, maar K het kans gesien om dit tot omtrent 150 man te vermeerder.

Die aantal vrouens en kinders in die Goudstad, afkomstig van alle nasionaliteite, is deur hom op 20 000 tot 25 000 geskat. Dan was daar 'n paar duisend neutrale manlike ingesetenes, 'n paar honderd Engelse en ongeveer 13 000 nie-blanke mynwerkers.

Lewensmiddels was ontoereikend aanwesig om selfs 'n kortstondige beleëring te kan weerstaan. Meel was daar so te sê nie meer aanwesig nie.

Onder dié omstandighede het K op 29 Mei 1900 'n onderhoud met genl Louis Botha te Johannesburg gevoer waartydens die kommandant-generaal, in algemene bewoordings, die kommandant gelas het om vas te trap.

Die volgende dag het genl F. Grobler met sy kommando (omtrent 400 burgers) deur die stad getrek. Hy het K aangeraai om die stad nie oor te gee nie, maar toe hy verneem het dat lord Roberts se hoofmag reeds op Elandsfontein (Germiston) was, het hy — sonder versuim — met sy hele kommando die aftog geblaas en K aan sy lot oorgelaat.

In die loop van die voormiddag van 30 Mei 1900 het genl J. H. de la Rey 'n briefie aan K gestuur waarin hy laasgenoemde aangeraai het om die fort met gewere te verdedig. Indien in dié omgewing, 'n vuurgeveg sou kom, sou die hospitaal, wat onderkant die fort geleë was, onder 'n moontlike bombardement deurloop. K het, soos hy meedeel, geen tyd of manskappe tot sy beskikking om die gewondes uit die hospitaal te verwyder en na 'n veiliger plek oor te bring nie.

Al hierdie gedagtes het, aldus K, hom besig gehou terwyl hy uitgery het om lord Roberts te ontmoet.

Die Britse veldmaarskalk het die kommandant op 'n besondere korrekte wyse ontvang. Na 'n lang onderhoud het K verklaar dat hy tyd moet hê om die stad op 'n ordelike wyse oor te gee. Indien lord Roberts onverwyld die stad wou binnegaan, dan sou daar seker straatgevegte volg. Ook was daar, sonder dat K beheer oor hulle uitgeoefen het, sekere kommando's in die stad. Dit sou tyd verg om hulle weg te kry.

Op grond van hierdie omstandighede is vervolgens ooreengekom om tot die volgende dag (31.5.1900) om 1000 uur 'n wapenstilstand te hê en dat K dan iemand na lord Roberts sou stuur om die veldmaarskalk van sy finale of definitiewe besluit te verwittig.

K het na die stad teruggekeer, drie van sy veldkornette ontbied en hulle omtrent sy planne ingelig. By hierdie bespreking was die burgemeester aanwesig. K het hulle die reg gegee om sy voorgenome optrede te kritiseer. Dit sou latere kritiek uitsluit, ofskoon K bereid was om die hele verantwoordelikheid op sy skouers te neem. Die groepie het hulle met K se gedagtegang vereenselwig en in die loop van die middag het K telefonies met waarnemende kommandant-generaal Lucas Meyer, op Pretoria, in verbinding getree, hom alles meegedeel, en sy goedkeuring verkry. Saans het 'n soortgelyke gesprek met staatsprokureur J. C. Smuts gevolg. Dit het dieselfde resultaat opgelewer. Voordat laasgenoemde bespreking gehou is het K 'n kennisgewing opgestel waarin hy die inwoners sy besluit meegedeel en die kommando's gelas het om die stad te verlaat. Aan veldkornette is die uitvoering hiervan opgedra terwyl sekere amptenare gelas is om in die stad te bly om hulle administrasie op 'n behoorlike wyse te kan oordra. Waar moontlik is lewensmiddels onder die inwoners verdeel.

Die wapenstilstand van 24 uur het K soos hy persoonlik beklemtoon, die geleentheid gegee om die Boerekrygsmag te versterk en om — militêr beskou — 'n leë stad op 'n behoorlike wyse te kan oorgee.

Vroeg op 31 Mei is onderbalju W. Shawe met 'n skrywe na lord Roberts gestuur.

Onder die beskikbare dokumente kom, as bylae "A", hierdie skrywe in die vorm van 'n volledige, in Nederlands opgestelde en ongewysigde brief voor, terwyl die Engelse vertaling, wat die aanhef en inhoud betref, ook aangetref is.

Waar die amptelike taal van die Zuid-Afrikaansche Republiek Nederlands was, volg hier die oorspronklike teks met — vir die gerief van die leser — ook die Engelse vertaling.

Johannesburg,
30ste Mei, 1900.

Den HoogEdel Gest. Heer Lord Roberts,
Bevelhebber van Harer Majesteit
Koningin Victoria's Troepen in
Zuid Afrika.

HoogEdel Gest. Heer,

Naar aanleiding van het mondelinge onderhoud, dat ik heden morgen met UWEd. Gest. had met betrekking tot de overgawe van de stad Johannesburg, wensch ik thans schriftelijk de volgende punten te bevestigen.

(a) Dat ambtenaren en andere Regeeringspersonen met de noodige respect en consideratie behandeld zullen worden.

Namens deze perzonen kan ik UWEd. Gest. de verzekering geven, dat tot tijd en wijle de overgave voltooi is alles door hen zal gedaan worden om uw werk te vergemakkelijken voor zooverre zulks in overeenstemming te brengen is met hun eer.

(b) Met betrekking tot de protectie van vrouwen en kinderen (insluitende de vrouwen en kinderen van burgers die op commando zijn), dat deze personen door de troepen niet gemolesteerd zullen worden, hebben UWEd. Gest. reeds de noodige instructies dienaangaande gegeven.

(c) Dat privaat eigendom beschermd worden zal, insluitende voeder, behalwe in zooverre dezelve voor militaire doeleinden benoodigd moge zijn.

(d) Dat de noodige voorzorgsmaatregelen door UWEd. Gest. genomen zullen worden met betrekking tot de 13 000 kleurlingen zich thans nog op de mijnen bevindende, en met betrekking waartoe het corps der Speciale Politie voor de mijnen, tot dusverre onder mijn bevel UWEd. Gest. alle assistentie verleenen zal.

(e) Ik sluit hierbij in eene kennisgewing heden avond door mij uitgegeven wele voor zichzelf spreekt, en waaruit UWEd. Gest. zien zult, dat onder anderen, alle vechtende en gewapende burgers gelast worden onmiddelijk de stad te verlaten.

(f) Het spijt mij UWEd. Gest. te moeten mededeelen, dat nietegenstaande onze regeling ten effecte, dat geen gewapende manschappen de Stad tot morgen 10 uur binnen zoude komen, verscheidene gewapende perzonen in de Stad zijn gekomen, (blykbaar zonder UWEd. Gest. kennis en in stryd met uwe instructies), en verscheidene waarvan onder arrest zijn, en een die een burger trachte te ontwapenen gewond werd, en thans in het Hospitaal alhier ligt.

Ten slotte verzoek ik UWEd. Gest. de stad met eene niet te groote macht binnen te trekken (die redenen hiervan heb ik reeds aan UWEd. Gest. medegedeeld) — zullende ik iemand naar UWEd. Gest. uitzenden om UWEd. zelf of de bevelvoerende officier naar het Gouverment's plein alhier te begeleiden om aldaar de noodige formaliteiten aan eene overgave verbonden te verrichtten.

Alle Hoofd en andere ambtenaren heb ik in kennis gesteld van deze mijne regeling, en hen gelast zich in gereedheid te houden hunne kantoren aan de daartoe aangewezene perzonen te overhandigen.

Met de meeste hoogachting,

UWEd. Gest. Dienaar, & c.

(get). F. E. T. Krause,

Wd. Spec. Commandant.

TRANSLATION:

Johannesburg,

30th May, 1900.

Lord Roberts,

Commander-in-Chief of Her
Majesty's troops in South Africa.

Your Lordship,

Referring to the verbal interview I had with Your Lordship this morning, with reference to the surrender of the town Johannesburg, I now wish to confirm the following in writing:

(a) That all officials and other Government employees will be treated with the necessary respect and consideration. On their behalf I can give Your Lordship the assurance, that until the surrender is complete, everything will be done by them to facilitate Your Lordship's work, as far as their honour allows.

(b) With reference to the protection of women and children (including the women and children of Burghers on Commando), that these persons will not be molested by the troops, Your Lordship having already given the necessary instructions thereto.

(c) That property will be protected, also forage, except in so far as military requirements necessitate it.

(d) That as regards the 13 000 Kaffirs still on the mines, the necessary precautions will be taken by Your Lordship, and with reference to whom the Special Mine Police corps, till now under my command, will render Your Lordship all assistance.

(e) Enclosed I send Your Lordship a copy of a notice distributed by me this evening

which speaks for itself, and from which Your Lordship will learn that all combatant and armed burghers have been ordered to leave the Town at once.

(f) It grieves me to have to inform Your Lordship, that notwithstanding our arrangement, that no armed men would enter the Town till tomorrow at 10 O'clock, several armed persons entered the Town (evidently without Your Lordship's knowledge, and contrary to instructions), several of whom are under arrest; and one who attempted to disarm a burgher, was wounded, and is at present in the Hospital here.

Finally I must request Your Lordship not to enter the Town with too great a force (for reasons already communicated to Your Lordship). I shall send somebody who will conduct Your Lordship personally, or the officer in command, to the Government Square here to then complete the necessary formalities of handing over the Town. All Chief and other officials have been notified by me of this arrangement, and they have been ordered to hold themselves in readiness to hand over their offices to the persons appointed thereto.

With the utmost respect,
Your Lordship's faithful servant,
(signed) F. E. T. Krause,
Acting Special Commandant.

Op bogenoemde brief is geen skriftelike antwoord ontvang nie, maar lord Roberts het aan die onderbalju meegedeel dat hy bereid was om hom onmiddellik te volg en die stad binne te trek.

Om omtrent 1200 uur die volgende dag (3.5.1901) het lord Roberts en Krause mekaar buitekant die stad ontmoet en het die twee saam na die Goewermentsplein gery waar K die Britse opperbevelhebber aan die amptenare voorgestel het. Hulle is deur hom versoek om in hul poste te bly tot plaasvervangers sou kom. Omstreeks 1400 uur het die amptelike formaliteite, wat aan die oorgawe verbind was, ten einde geloop.

K voeg hieraan toe dat hy geweier het om 'n pos onder die nuwe bewind te aanvaar solank sy volk oorlog voer. Ter verduideliking skryf K in sy verslag: "Dit heb ik persoonlijk aan Lord Roberts medegedeeld op een indirect, of kan men zijgen direct, aanbod, dat hij deed".

Op 1 Junie 1900 het K 'n skrywe van die Militêre Sekretaris, Leërhoofkwartier, Suid-Afrika ontvang waarin hy versoek is om om 1030 uur sy opwagting by lord Roberts te maak om, in die aanwesigheid van die pasbenoemde Militêre Goewerneur, toekomstige reëlings te tref om die administrasie van die stad te kan voortsit.

Die volgende dag het K in besit van die hieropvolgende skrywe gekom waaruit blyk op watter wyse, hy Johannesburg geadministreer en oorgegee het. Hiermee was sy taak in dié verband afgehandel.

Die teks van die betrokke skrywe lui soos volg:

Army Head Quarters,
Johannesburg,
2nd June, 1900.

Dear Dr. Krause,

I desire to express to you how fully I appreciate the valuable assistance you have afforded me in connection with the entry into this town of the force under my command.

I recognise that you have had difficulties of no ordinary nature to contend with of late, and any weakness in the administration of the town and suburbs at such a juncture would doubtless have been taken full advantage of by the disorderly element which necessarily exists in an important mining community. Thanks to your energy and vigilance order and tranquility have been preserved, and I congratulate you heartily on the result of your labours.

Permit me also to tender to you my personal thanks for the great courtesy you have shown me since I first had the pleasure of meeting you.

Believe me to be,
Yours very truly,
(signed) Roberts, F.M.

### Geldelike en ander aangeleenthede

Onder hierdie opskrif vermeld K dat hy in die nag van 28 Mei 1900 bewerkstellig het om die bedrag van £80 000, wat die Franse Bank aan die Regering vir die aankoop van goud verskuldig was, te verkry. Hy het 'n spesiale trein met £40 000 aan gemunte geld en 'n tjek van £40 000 na Pretoria gestuur. Die tjek is ewenwel, soos uit 'n mededeling in "The Johannesburg Gazette" van 23 Julie 1900 blyk, nie uitbetaal nie.

Op Dinsdagmiddag 29 Mei 1900 het hy, aangesien die vyand reeds in besit van Elandsfontein (Germiston) was en die spoorwegverbinding met Pretoria beheer het, 'n patrollie onder leiding van speurder H. Burchardt na Pretoria gestuur met 'n hoeveelheid ongeraffineerde goud, afkomstig van die Robinsonmyn, ter waarde van omtrent £100 000. Die volgende dag het Burchardt van Pretoria getelegrafeer dat hy veilig in die hoofstad aangekom het en, agter die Staatspresident aan, met die goud na Lydenburg sou gaan. Op hierdie wyse het K daarin geslaag om, in die vorm van geld en goud, 'n bedrag ter waarde van £180 000 uit Johannesburg en omgewing te verwyder en in veiligheid te laat bring.

Die mynkommissaris het van die Regering opdrag ontvang om K van £1 500 te voorsien vir die aankoop van perde en ander militêre doeleindes. K het iets meer as £1 300 ontvang en £500 aan die waarnemende veldkornet van Johannesburg oorhandig om perde aan te koop. Om die fort van lewensmiddels te voorsien, het omtrent £400 gekos terwyl K van die oorblywende geld vir die aankoop van perde en ander militêre doeleindes bestee het. Die res het hy onder amptenare van die publieke aanklaer se departement en die wagkantoor verdeel as gedeeltelike salarisvereffening vir Mei 1900. K het weliswaar sy vol salaris tot einde Mei 1900 ontvang, maar was verplig om 'n deel daarvan aan vrouens van burgers (veral polisie) wat op kommando was, uit te betaal. Weliswaar het hy op 30 Mei, deur middel van 'n spesiale bode, die tjek vir agterstallige salarisse van die reeds genoemde departement en die wagkantoor van Pretoria laat haal, maar in Johannesburg het die bank geweier om dit uit te betaal.

Dan was daar, aldus K, 'n spesiale Artilleriepolisiekorps te Johannesburg, waarvan die lede hoofsaaklik uit neutrales bestaan het. Hierdie eenheid was bedoel om die plaaslike ammunisiefabriek (van Begby) te bewaak, maar K het geweier om dié korps te organiseer voordat die bedrag van £900, die salarisse vir 'n maand, in sy besit was. Die geld is belowe en die tjek het aangekom, maar weer eens het die bank geweier om uit te betaal.

Waarnemende polisiekommandant Muller het ewenwel nog oor ongeveer £400 beskik wat aanvanklik bedoel was om lede van die polisie mee te betaal, maar hulle was ontslaan en kommandant L. E. van Diggelen was bereid om dié bedrag of te staan. Allereers is £90 aangewend om 12 burgers te betaal wat voor die oprigting van die korps, die fabriek bewakingsdienste by die fabriek verrig het. Die oorblywende bedrag is onder die Korpslede verdeel. Behoorlike kwitansies is uitgereik en die oorspronklike dokumente is in Johannesburg agtergelaat.

Daar was, in plaaslike koelkamers, 'n groot voorraad vleis aanwesig. Om te verhoed dat dit in die hande van die vyand sou val, is hierdie voorraad, met die doel om skuld te vereffen en as beloning vir besondere dienste aan die slagters Angehern en Piel oorgedra. Gedurende die laaste dae is feitlik al die kommando's van vleis en lewensmiddels voorsien, maar K kon geen geld van Pretoria kry nie en bygevolg het die oordrag op 26 Mei 1900 plaasgevind.

### Arrestasie van regter Kock. Plundering

In verband met hierdie voorvalle het K aangeteken dat hy, met betrekking tot bogenoemde arrestasie, 'n onderhoud met die "Natal Mercury" gehad het waarin hy die feite bekend gemaak het. Volgens hom het die "Bloemfontein Post" daaruit afgelei dat hy, Krause, Engelsgesind sou wees. Om dié wanindruk uit die weg te ruim, het K 'n publieke skrywe aan die blad gerig waarin hy, as 'n "Afrikaner" sy standpunt met feite toegelig het.

Op 28 Mei 1900 het K van die slagveld by Zuurbekom na Johannesburg teruggekeer om plundering deur vrouens, kinders en Bantoes teen te gaan. Dit het hom weliswaar geluk, maar hy het te laat gekom om die goewermentsloodse te kan red. Alles was reeds uit — en weggedra.

### Houding teenoor proklamasie. Amptenare

Op 31 Mei 1900 het lord Roberts 'n proklamasie uitgevaardig wat, ten spyte van prag-

tige beloftes, nie volgens die letter nagekom is nie. Ook maak K melding van 'n proklamasie van 19 Junie 1900 wat, volgens hom, heelwat ontevredenheid veroorsaak het.

Tewens het 'n goewermentskennisgewing, op 8 Junie 1900 uitgevaardig deur die Militêre Goewerneur van Johannesburg, sy ontevredenheid verwek en tot briefwisseling tussen hom en lord Roberts, die Militêre Goewerneur van Johannesburg en ander Britse outoriteite gelei. Dit vorm deel van K se ondersteunende dokument tot sy verslag.

K berig verder dat verskillende amptenare, veral polisie en speurders wat geen salaris ontvang het nie en feitlik sonder middels van bestaan was, diens onder die nuwe bewind aanvaar het. Ten einde verwarring te voorkom en sy eie posisie te verduidelik, deel K mee dat verskeie van hierdie persone by hom kom raad vra het. Aan hulle het K gesê:

> "Ik neem geen betrekking aan onder den vijand al moet ik ook van honger sterven — indien gij het echter wenscht te doen, moet ik U zeggen, dat gij alleen **zuiwer politie**-dienst mag doen, daar het in het algemeen belang is, dat de misdadiger, de vijand van een ieder, gestraft wordt, doch gij mag **niet** (1) den eed van **getrouwheid** afleggen (2) nog eenig dienst van **politieken** (3) noch van **militairen** aard verrichten."

**Eie lotgevalle**

Na die oorgawe van die stad het K as advokaat in die militêre howe begin praktiseer sonder dat hy 'n eed afgelê of 'n ampsbelofte gedoen het. Hy het homself besig gehou deur kosteloos advies aan burgers en ander te gee en deur hul belange by die militêre gesagsdraers te bepleit.

Reeds spoedig is sy handelinge en optrede as ongewens beskou en op 'n sekere dag het die Militêre Goewerneur hom ontbied en op 'n besliste toon verklaar dat K hom in die toekoms as 'n privaat burger moet gedra, die gesagdraers uitsluitend Britse offisiere erken en dat K se de jure-amp nie van Britse kant erkenning geniet nie. K is dus verbied om nog iets verder vir die burgers te doen.

Sy privaat praktyk as advokaat het nie lank geduur nie. Omtrent 3 of 4 Junie 1900 is hy provisioneel toegelaat om as advokaat in die hof te verskyn, maar op 7 Junie 1900 is hy deur 'n kennisgewing verplig om die eed van getrouheid af te lê om te kan bly praktiseer. Hy het geweier om hieraan gevolg te gee. In Johannesburg was daar geen werk meer vir hom nie, behalwe om dalk te wag om met ander burgers met geweld oor die grens gesit te word en dalk na Ceylon verban te word. Dit was 'n alledaagse gebeurtenis en K was vertroulik ingelig dat sy naam ook op so'n lys voorgekom het.

Ten einde soiets te verhinder, het hy die Militêre Goewerneur gevra om Johannesburg te gaan verlaat en omtrent vier maande in Europa deur te bring. As offisier het hy geweier om die eed van neutraliteit af te lê. Hy is toegelaat om die volgende paroolverklaring te onderteken:

PAROLE.

I the undersigned Frederick Edward Traugott Krause do hereby promise on my honour as a gentleman that I will not leave the town of Johannesburg without having previously obtained the written permission of the Military Governor of the said town.

I do further promise that I will not, during the present war, until released from this parole, take up arms against the British Government, nor furnish any member of the Republican forces with assistance of any kind or with information as to the number, movements or other details of the British forces that may come to my knowledge.

Johannesburg, this 9th day of June, 1900.

Signature: F. E. T. Krause.

Witness: (signed) G. E. van d. Heeren.

True copy compared by me,
(signed) A. J. van Diggelen.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 4 Nr 3, 1974. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

Deur lord Roberts is die gevraagde verlof verleen. Saam met dr Cecil Schulz, distrikgeneesheer van Johannesburg, het Krause in Europa aangekom. Schulz het voor sy vertrek tevergeefs geprobeer om die Boerekommando's te bereik, terwyl die vyand hom verbied het om met sy ambulans na die Boerelinies te gaan. Nieteenstaande hy tot die Rooi Kruis behoort het, is hy gedwing om die eed van neutraliteit af te lê. Krause wat deur die oorlog geruïneer was, is deur hom van reis- en verblyfkoste voorsien en was verplig om hierdie voorskotte mettertyd terug te betaal.

Hier eindig Krause se verslag, deur die opsteller onderteken as. "Wd. Spec. Comdt. der W. W. Rand, 1ste Publ. Vervolger en Voorzitter Regeerings-Commissie 'Rust en Orde' voor de W. W. Rand".